

8 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-31

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-31

Watter gawe het die Gees u gegee tot opbou van ander se geloof?

Die eenheid van die gemeente as liggaam van Christus staan vas vanweë die doop met die Heilige Gees (vs 13). Die verskeidenheid gawes wat die Heilige Gees aan die onderskeie – elke – gelowiges skenk, maak niemand meerderwaardig of minderwaardig in die gemeente nie. Paulus benadruk die *verskeidenheid* gawes van die Heilige Gees in die kerk en nie die *eenderse* gawes – elkeen dieselfde - nie. 'n Wedywering oor wie nou die vernaamste gawe sou besit of 'n gepreek dat almal opsluit eenderse gawes moet hê, omdat dit dié bewys van jou geloofsopregtheid sou wees, is misplaas. So 'n gedagte ignoreer die vryheid van die Heilige Gees waarmee Hy die gawes uitdeel aan wie Hy wil en wanneer en waar Hy wil.

Oefen u in sy gawes en bid meer en meer om heeltemal vervul te word met Hom!

Sing: Skrifberyming 38:3 (melodie Ps. 147)

Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)